

9 Desember

Dank God vir sy versorging!

Skrifgedeelte: Deuteronomium 8:1-20
Fokusgedeelte: Deuteronomium 8:10

Ons leer die volk Israel ken as mense wat gedurig gekla het oor wat hulle nie gehad het nie. En dit omdat hulle die Here se liefdesorg mis gekyk het. Dit was ook hulle eie skuld dat hulle nog nie die beloofde land in besit geneem het nie (vgl. Deut 1:19-46). Só het die Here hulle in sy genade voorberei op beter dinge. Hulle sou 'n land in besit neem wat oorloop van melk en heuning.

Maar ... as dit met hulle begin goed gaan, het die gevaar bestaan dat hulle van die Here sou vergeet. Dat hulle sou vergeet het Wie hulle versorg en waar alles eintlik vandaan kom. Dat dit die Here is wat die krag gee om besit te kan verwerf en dat alles in die hemel en op die aarde aan Hom behoort (Ps 24:1).

Daarom roep Moses die volk Israel op om nie die Here te vergeet wanneer dit met hulle op materiële gebied begin goed gaan nie. Hulle moes steeds dankbaar die eer aan die Here gee.

En ons? Kla ons nie ook maar dikwels met die witbrood onder die arm nie? In plaas daarvan dat ons die Here innig dankbaar is oor al die aardse seëninge (om nie eens van al die geestelike seëninge te praat nie!) wat ons wél uit sy hand ontvang het.

Wanneer ons met geloofsoë na die deurmekaar, misdaadgeteisterde en sondegebroke wêreld rondom ons kyk, sien ons steeds God se hand van seën raak. En dan kan ons midde-in beproewings en aardse teenslae steeds dankbaar wees. Die Here weet immers wat ons nodig het. En ... Hy gee wat ons nodig het. Daardie wete bring die gelowige al meer tot gehoorsaamheid aan die Here ... tot 'n dankbaarheidslewe wat Hom eer en verheerlik.

Sing: Psalm 75:1 (Totius)

Dr. Jac Howell (Heidelberg)